

**5 Oktober**

**Jakobus 4:1 -10**

(Teks: 4:8)

### ***Waar kom ons stryd vandaan***

Hoekom is die lewe so bitter? Hoekom gaan dit so swaar met ons as kinders van God? Die ontrouwheid en onkuisheid van die hart waarvan Jakobus praat herinner aan 'n huweliksverhouding waarmee die verbond tussen God en volk al dikwels uitgebeeld is. Die gedagte is dan dat ons as kerk God alleen sal dien en Hom sal liefhê. Geen buitehuwelikse verbintenis word in hierdie verhouding tussen God en sy volk toegelaat nie. Die Here sê: "...want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My" (Eks 20:5). Paulus wil ook die kerk as bruid, as reine maagd, aan God as Bruidegom voorhou. En enige verdeelde lojaliteit beteken vyandskap met God.

As ons dus die vrae hierbo vra, moet ons terselfdertyd vra: Is ek nie die oorsaak daarvan nie? Het ek die Here my God opreg lief? Ons ken almal die klagtes van mense in 'n ongelukkige huwelik. Hy/sy het my nie meer lief nie. Hy/sy wil nie na rede luister nie en moet nou maar die kop stamp. Sy het my nie lief vir myself nie, maar vir dit wat ek haar kan bied. Hy verwaarloos my en het nooit tyd vir my nie. Hoeveel van die klagtes is nie waar van ons huwelik met God nie. Hoeveel keer gebeur dit dat ons Hom slegs ken as ons Hom nodig het? Hoe word hy nie verwaarloos nie? Hy moet met die minste tevrede wees. My geld, tyd en lojaliteit word aan andere gegee. Hoeveel keer maak ek asof ek Hom nie ken as ek tussen vreemde mense of met vriende is nie? En tog verwag ek dat Hy my moet versorg, moet beskerm en my eer moet red, selfs as ek hardkoppig nie wou luister nie en deur die wêreld onteer, misbruik en vertrap word.

Jakobus se raad aan ons is dat ons eerder ons minnaar, die Satan se verleidelike uitnodigings, sal weerstaan en hom vanuit ons lewens sal verwyder. Vers 8 spreek dan ook van genade. As ons bereid is om ons skuld in die huweliksverhouding te erken sal Hy ons nie verwyt nie, maar ons in ere herstel en ons verhoog (vers 10).

Sing Skrifberyming 40:2 en 4, Psalm 3 en 4Ds. R.P. van Wyk (Grassy Park)